Die plig van onderhoud tussen familielede

Bloedverwante het 'n plig teenoor mekaar. Familielede baie na aan mekaar is wetlik verplig om die een na die ander om te sien. Die wet bepaal dat grootouers na hulle kleinkinders moet omsien as dié wees gelaat word. Ooms en tantes kan gevra word om te help met die verantwoordelikheid van die kinders as die ouers en grootouers nie instaat is om dit te doen nie.

Die plig van man en vrou om vir mekaar te sorg

'n Man en vrou is wetlik verplig om vir mekaar te sorg. 'n Man of vrou wat nog saambly kan onderhoud eis as die huishoudelike pligte nie eweredig gedeel word nie.

As hulle skei, kan die een wat minder eiendom het of minder verdien, onderhoud van die ander een eis. As 'n hofbevel egter nie onderhoud insluit nie, kan dit nie geëis word na 'n egskeiding gefinaliseer is.

Onderhoudsplig teenoor mense met fisiese gestremdhede

As 'n kind gestremd is en nie in staat is om vir hom of haarself te sorg nie, sal die ouer verantwoordelik wees om vir die betrokke kind vir die res van sy of haar lewe te sorg.

Kriminele Gedrag

- Dis teen die wet om leuens aan die Magistraat of Onderhoudsbeampte te vertel.
- Dis teen die wet om die proses te vertraag.
- Dis teen die wet om iemand te stop wat aansoek wil doen vir onderhoud deur hulle aan te rand of met die dood te dreig.
- Dis teen die wet om 'n onderhoudsbevel te ignoreer.
- Dis teen die wet om onderhoudsgeld te misbruik.
- Dis teen die wet as die Magistraat of die Onderhoudsbeampte enige besonderhede oor die spesifieke saak met iemand bespreek.

Vir meer inligting, raadpleeg gerus die Legal Assistance Centre's *Gids tot die Onderhoudswet, 9 van 2003*.

France coopération

Hierdie inligting is saamgestel deur **Dianne Hubbard**, **Rachel Coomer** en **Kate Barth**.

Vertaling uit Engels na Afrikaans: **Renate Jansen**
Uitleg: **Petra Tegethoff**
Illustrasies: **Nicky Marais**

Befondsing: **Die Franse Ambassade in Namibië**

LEGAL ASSISTANCE CENTRE
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia • Tel. 061-223356

SAK BOEKIE DIE ONDERHOUDSWET WET 9 VAN 2003

Gender Research and Advocacy Project
LEGAL ASSISTANCE CENTRE
Windhoek, Namibia, 2008

Wat is onderhoud?

Onderhoud is geld of goedere wat 'n persoon wetlik verplig is om te gee vir die basiese behoeftes van sy of haar afhanklikes. Basiese lewensbehoeftes sluit in huur, water, elektrisiteit, kos, klere, vervoer, mediese uitgawes en skoolfooie.

Wie kan aansoek doen vir onderhoud?

'n Ouer, die persoon wat na die kind omsien (byvoorbeeld die ouma) of enige ander persoon wat bekommerd is oor die kind se welsyn – byvoorbeeld 'n maatskaplike werker, dokter, verpleegster, onderwyser, tradisionele leier of kerkleier. 'n Kind kan ook self onderhoud van 'n ouer eis.

Woordelys

Klaer – Die persoon wat aansoek doen vir onderhoud.

Verweerder – Die persoon wat gevra word om onderhoud te betaal.

Afhanklike – 'n persoon wat afhanklik is van ander om te oorleef. Kinders is afhanklik van hul ouers en ook ander familie; oues van dae is soms van hul kinders afhanklik en mans en vroue kan van mekaar afhanklik wees.

Beide ouers is verantwoordelik vir hulle kinders

- As een ouer nie help om onderhoud te betaal nie, kan die hof die betrokke ouer wetlik verplig om tot onderhoud by te dra.
- Alhoewel albei ouers verplig is om onderhoud te betaal, beteken dit nie hulle hoef dieselfde bedrag te betaal nie.
- Die bedrag wat elkeen moet betaal gaan afhang van hoeveel geld en eiendom elkeen besit, asook hoeveel geld elkeen maandeliks verdien.
- Die betaling van onderhoud moet vooropgestel word behalwe vir betalings wat deur die ouers gedoen moet word om hulself te onderhou.

Alle kinders is gelyk voor die wet

- Ongeag die kind binne of buite die huwelik gebore is.
- Ongeag die volgorde van geboorte.
- Ongeag of die kind uit 'n eerste of tweede huwelik gebore is.

Swangerskap

Beide ouers is verantwoordelik om te betaal vir die onkoste van 'n swangerskap en die geboorte van 'n kind. 'n Swanger vrou moet byvoorbeeld elke dag vars vrugte en groente eet en gereeld 'n dokter of verpleegster sien.

Jy kan aansoek doen vir onderhoud as jy swanger is. 'n Aansoek vir onderhoud ten opsigte van swangerskap en geboorte moet gedoen word voor die kind se eerste verjaardag. Die ma kan egter later aansoek doen vir onderhoud as daar 'n spesiale rede is waarom sy nie voorheen kon eis nie, byvoorbeeld as die pa nie gedurende die eerste jaar opgespoor kon word nie.

Hoe om aansoek te doen vir onderhoud

Gaan na die Magistraatshof

- Die klerk van die hof sal jou help om die nodige vorms in te vul. Jy het nie 'n afspraak nodig nie.
- Jy moet gereed wees om besonderhede oor jouself, jou kind/ers, hoeveel jy verdien asook wat dit kos om jou kinders te onderhou verskaf.
- Die hele proses is veronderstel om privaat te geskied en jy het nie 'n regsverteenwoordiger nodig nie.
- Die klerk van die hof is verplig om jou eis te ondersoek.

Vergadering met die Onderhoudsbeampte

Beide ouers gaan gevra word om 'n informele vergadering met die onderhoudsbeampte by te woon om 'n ooreenkoms te bereik voordat die saak na die hof verwys word. Die meeste sake word gewoonlik op hierdie vergadering opgelos. As die ouers nie ooreenkom kan kom nie, moet die saak na 'n Magistraat verwys word.

Ondervraging deur die Magistraat

- As die Magistraat oor die saak moet besluit sal beide ouers op 'n ander dag terug hof toe moet gaan.
- As die verdediger nie na die hof toe kom op die betrokke dag nie, mag die Magistraat in elk geval 'n onderhoudsbevel uitreik. Die verdediger kan later beswaar aanteken, maar hy of sy sal onmiddellik moet onderhoud begin betaal.

Hoe lank moet 'n ouer onderhoud vir die kind betaal?

'n Onderhoudsbevel loop gewoonlik ten einde wanneer 'n kind selfstandig word en na hom/haarself kan omsien, byvoorbeeld om self te kan betaal vir kos, blyplek en klere. Dis gewoonlik wanneer die kind die ouderdom van 18 bereik. Hierdie tyd kan wissel as;

- 'n kind die skool verlaat voordat hy of sy 18 is en werk.
- 'n kind gestremd is en om een of ander rede nie genoeg geld verdien om vir sy/haar basiese behoeftes te betaal nie.
- 'n kind universiteit toe gaan, en onderhoud voort sal gaan tot die kind ouderdom 21 bereik het.

Hoe om onderhoud van iemand wat in die buiteland bly te eis

Jy kan nog steeds onderhoud eis van iemand wat in Suid Afrika bly. Beide die howe van Namibië en Suid Afrika gaan saamwerk aan hierdie saak. Onderhoud kan soms ook geëis word van persone wat in ander lande bly.

Wat om te doen as die onderhoud nie betaal is nie

As jy die geld nie binne 10 dae na datum van betaling ontvang nie, moet jy na die Klerk van die hof gaan. Die hof kan die geld direk van die verdediger se besoldiging verhaal of eiendom van die verdediger verkoop om die geld te kry wat hy verskuldig is.

Die plig van kinders om hulle ouers te onderhou

Kinders het onder sekere omstandighede 'n plig om hul ouers te onderhou. Dit gebeur gewoonlik wanneer die kinders volwassenes raak en die ouers te oud raak om hulself te versorg.